
OOR DIE BEGRIP WESE.

In die wetenskap moet noodwendig van abstraksies gebruik gemaak word by die sistematisering en korrelering van kennis. Dit word veelvuldig aangetref dat 'n abstraksie losgemaak word van dié dinge waarvan die abstraksie sy ontstaan te danke het, d.w.s. van dié dinge waarvan geabstraheer is, en dan 'n bestaan in ons denke bo en onafhanklik van hierdie dinge toegeken word. Dit is 'n gewone proses in die wetenskaplike metode, maar tog is daaraan ook 'n gevaar verbonde, nl. dat aan die

abstraksie nie net alleen 'n bestaan in ons denke toegeken word nie maar daarmee gewerk word asof dit 'n bestaan in die werklikheid buite ons denke het los en onafhanklik van dié dinge waarvan geabstraheer is, d.w.s. die abstraksie word „verdinglik”.

So lees ons in 'n beskrywing van die Nasionaal-Sosialisme: „Hoofsaak is die volk. Van sekundêre belang is die individu Het hy (die individu) nie uit die volk voortgekom nie? Daarom moet dan ook 'n grenslose liefde hom aan sy volk verplig Die individu op homself beskou, los van sy volksverband, het geen sin, geen konkrete bestaan nie, hy is 'n abstraksie. Alleen die volk is volle, selfstandige en konkreet-bestaande werklikheid”.* Dit is duidelik dat hier aan volk gedink word asof dit bestaan buite en onafhanklik van die versameling mense waaruit die volk eintlik bestaan, terwyl die volk tog eintlik niks anders is nie as 'n sekere klasse van mense; en as 'n lid van hierdie klasse verwyder of aan die klasse bygevoeg word, dan is die volk, streng genome, nie meer dieselfde volk as vroeër nie. Die abstraksie „volk” is hier verdinglik in die sin soos hierbo aangegee. Op dié manier is dit moontlik dat die „volk” 'n afgod kan word waaraan alles geoffer moet word, selfs die mense waaruit die volk bestaan, en dit met die waan-idee dat daardeur die welsyn van die „volk” bevorder word, terwyl die volk juis tot niet gemaak word.

In die wetenskap skyn dit dat hierdie proses van verdingliking van abstraksies tot skynprobleme kan lei. In hierdie verband sal die begrip „wese van 'n ding” nagegaan word en in die besonder of die soeke na „wesensverskille” tussen lewende en lewelose materie nie tot 'n skynprobleem kan lei nie.

Die mens kom in sy wetenskaplike ondersoek in aanraking met dinge uit die werklikheid soos bome, blomme, allerhande diere, allerhande materiële dinge, met bewussynsprosesse, allerlei emosies, ens. Al hierdie dinge is ervaarbaar. Sommige ervarings verbonde aan die verskillende dinge word as dieselfde of byna dieselfde ervaar. As bv. aan een klip, 'n tweede klip, 'n stuk yster, gestoot word is die ervaring byna dieselfde. Deur so 'n klasse van identiese of byna-identiese ervarings word eienskappe van die dinge geken. In die aangehaalde voorbeeld ken ons deur die daar genoemde klasse van ervarings die eienskap „hardheid” van die klippe en yster. Hierdie eienskappe van dinge is ervaringsgegewens, d.w.s. ons ken hulle deur die ervaring. So het materiële dinge die eienskappe van

* H. G. Stoker: Die stryd om die ordes, bls. 105.

vastheid en traagheid wat met die gevoel ervaar word, eienskappe van vorm, kleur, ens. wat weer met ander sintuie ervaar word. Aan die eienskappe van diinge word die dinge geken deurdat sommige eienskappe van verskillende dinge verskil. Die eienskappe van 'n ding kan slegs uit die ervaring geken word, want so 'n eienskap word eintlik geken as 'n klasse van ervaringe.

Deur 'n klasse van eienskappe weer saam te dink as 'n geheel kan nuwe eienskappe aan 'n ding toegeken word. 'n Voorbeeld van so 'n eienskap is lewe. Die ervaring leer ons dat daar materiële dinge is wat dinge soortgelyk aan hulle self voortbring, groei, metabolisme het, fotosintetiseer, asemhaal, wat chemies nie staties is nie, ens. 'n Ding het dan die eienskap lewe as dit al of sommige van hierdie eienskappe het. Die begrip lewe word verkry deur die saamdink van hierdie eienskappe om 'n geheel te vorm. So gesien is lewe dus nie 'n eienskap van 'n ding wat direk ervaar kan word nie, maar is „lewe” eintlik 'n abstraksie wat 'n hele reeks eienskappe van dinge aandui. Die ervaringe waardeur die eienskap lewe geken word is dan die som van die klasse ervaringe wat hoort by die eienskappe groei, asemhaling, chemiese nie-statiesheid, ens.

Ook hier gebeur dit nou dat 'n eienskap verdinglik word, d.w.s. dat daaraan gedink word asof dit 'n bestaan in die werklikheid het los en onafhanklik van die dinge waarvan dit 'n eienskap is. Dit kom feitlik algemeen voor dat aan die eienskap lewe op hierdie manier gedink word. So 'n verdinglikte eienskap word ook soms 'n verskynsel genoem. Ook ander „dinge” vind hulle oorsprong in ons denke op hierdie manier. Onder hierdie kategorie van verskynsels wil ek ook nog plaas „dinge” soos hitte, lig, krag en energie. Aan hierdie „dinge” kan weer opnuut eienskappe en verskynsels toegevoeg word. Dit is duidelik dat tot „dinge” soos lewe en energie gekom is deur te abstraher van bepaalde eienskappe van dinge.

Dat hierdie proses van verdingliking van abstraksies baie vrugbaar kan wees in die wetenskap, blyk al direk uit die groot waarde wat 'n begrip soos energie in die fisika het. Dit is egter duidelik dat daar versigtig gewerk moet word met sulke begrippe, aangesien hulle verdinglikte abstraksies aandui wat nie noodwendig 'n bestaan in die werklikheid buite ons gedagte-wêreld hoef te hê nie.

By die beskrywing van en denke oor dinge word ons steeds teruggevoer na eienskappe van dinge en abstraksies van eienskappe wat slegs kenbaar is deur ervaringe. Nou vorm alle dinge met hulle eienskappe en bygaande verskynsels die veld van wetenskaplike ondersoek en is

wetenskap die sistematiesing, korrelering en verifiëring van ons kennis dienaangaande. Soms kan die verskille tussen eienskappe of verskynsels oorbrug word deur die invoering van verdere of ander abstraksies, sodat wat aanvanklik as heeltemal verskillend ervaar is, later as slegs verskillende fasette van dieselfde ding gesien word. So word deur invoering van die begrippe energie en elektromagnetiese golwe die verskynsels van lig en hitte-straling as bykans dieselfde dinge gesien en word met behulp van hierdie begrippe alle eienskappe en verskynsels verbonde aan lig en hitte-straling onderling en met mekaar gekorreleer.

Soms word die eienskappe van dinge só verskillend ervaar dat daar geen oorbrugging moontlik lyk nie. Die verskil tussen lewende en lewenselose dinge is hiervan 'n voorbeeld. Dit laat die mens vermoed dat daar „iets” dieperliggend as die blote ervaringsgegewens moet wees, „iets” wat verantwoordelik is vir so 'n radikale verskil. Die verstandelike sprong van die kenne van die totaliteit van ervaringsgegewens i.v.m. die dinge, **d.w.s. kenne van die totaliteit van hulle eienskappe, tot 'n abstrakte „wese”** van die ding, is hiervandaan nie meer so groot nie. Enersyds word die totaliteit van eienskappe van 'n ding losgemaak daarvan en 'n bestaan toegeken onafhanklik van die ding self en dit word dan gesien as die „wese” van die ding, d.w.s. die totaliteit van eienskappe van 'n **ding word self verdinglik**. Andersyds word die wese van die ding gesien as iets dieperliggend as bloot die somversameling van alle deur die ervaring kenbare eienskappe, maar juis as die „iets” wat verantwoordelik is vir die eienskappe van die ding. So word „lewe” dan as die wese van sekere materiële dinge gesien of word dit as 'n sinvolle probleem beskou om te vra na die „wese van materie” of “wat is materie?”

Die wese van 'n ding (of klas dinge) moet dus dit aandui wat verantwoordelik is vir sy andersheid t.o.v. ander dinge (of klasse dinge).

Wat egter nou beweer word is dat die wese van 'n ding alleen in soverre kenbaar is as wat dit die totaliteit is van eienskappe wat deur die ding self gemanifesteer word en alleen beskryf kan word deur begrippe wat van sulke eienskappe geabstraheer is.

Om hierdie laaste stelling toe te lig, sal ons nagaan in hoeverre die fisici en chemici daarin geslaag het om die wese van materie aan ons bloot te lê. (Hulle is immers al 400 jaar besig om materie intensief te bestudeer). Tog blyk dit dat die moderne fisikus geen duim nader aan die wese van materiële dinge is as sy voorganger van 400 jaar gelede nie. By die beskrywing van die beeld wat die fisikus ons optower van materie; tref ons die woorde massadeeltjie, golf, elektriese lading, magnetiese

en elektriese velde en energie by herhaling aan. Materie word dan voorgestel as bestaande uit atome wat weer elk bestaan uit 'n kerndeeltjie met elektrone (massadeeltjies) wat in bane om die kern beweeg en elk 'n elektriese lading saamdra. Bowendien is daar met elk van hierdie deeltjies op 'n ingewikkelde manier 'n golffunksie geassosieer. Maar die begrippe massa, deeltjie, golf, elektriese lading, energie, ens. is self abstraksies van ervaringsgegewens wat verbonde is aan materiële dinge. Die fisikus is nog net so ver van die wese van materiële dinge soos hy altyd was. Aanvanklik het hy begin met die ervaringsgegewens van deeltjie, massa, elektrisiteit, ens., en daarmee eindig hy ook, al het die deeltjies steeds kleiner geword en die elektriese ladings steeds minder. Waarin hy geslaag het, is om die eienskappe van en verskynsels verbonde aan materiële dinge te korreleer met behulp van 'n paar uit die ervaring geabstraheerde begrippe soos massa, energie, golfbewegings, ens. en met die apparaat wat die wiskunde hom verskaf.

Sou dit nou veronderstel kan word dat dit beter gaan in ander vertakkinge van die wetenskap? Ook daar is die wetenskaplike met sy denke oor en beskrywing van dinge gebonde aan begrippe wat uit die gewone ervaring geabstraheer is, en al sou hy daarin slaag om alle begrippe, eienskappe van dinge en verskynsels met 'n steeds kleiner wordende aantal grondbegrippe te beskryf en te korreleer, sal die uiteindelige res van grondbegrippe nog aan die ervaring gebonde bly en sal hierdie begrippe nog niks méér leer van die „wese” van 'n ding as wat ons te wete kom deur direk met die dinge, waarvandaan die begrippe geabstraheer is, in aanraking te kom, d.w.š. hulle eienskappe te ervaar nie. Uiteindelik moet ons kennis aangaande iedere ding bly steek op hierdie primêre begrippe.

Hierdie grondbegrippe sal uitdrukking gee aan bepaalde aspekte van die werklikheid (dink bv. aan energie) en dus in 'n sekere sin die „wese” van dinge aandui, maar die gevaar bestaan dat hulle ons ook kan mislei aangaande die werklikheid in die vorm van verdinglikte abstraksies sonder 'n eie bestaan in die werklikheid.

Bowendien bly dit 'n vraag in hoeverre dit wat aangedui word deur die genoemde grondbegrippe, kenbaar is. M.i. het hierdie grondbegrippe hulle oorsprong in ons gedagte-wêreld gevind as abstraksies van eienskappe van dinge wat ons direk ervaar. Hierdie grondbegrippe moet ons dus steeds na hierdie eienskappe terugvoer, watter aspekte van die werklikheid hierdie grondbegrippe nou ook al aandui. So sal die fisikus

op die vraag wat energie is antwoord dat iets energie het as dit die vermoë besit om arbeid te verrig. Op die vraag wat arbeid is sal hy antwoord dat arbeid verrig word as 'n liggaam verplaas word in die rigting van 'n krag wat op die liggaam werk, en uiteindelik sal krag gedefinieer word as dit wat 'n liggaam versnel.

Wat kan nou bedoel word met „wesensverskille” tussen dinge? Laat ons nagaan in hoeverre die soeke na wesensverskille tussen lewende en lewenlose dinge sin het. As „lewe” gesien word bloot as naam vir 'n versameling eienskappe soos voortplanting, metabolisme, asemhaling, chemiese nie-statiesheid, fotosintese, ens. wat in sekere materiële dinge ervaar word, en as ons leweloosheid dan sien as die afwesigheid van hierdie eienskappe, dan het die begrip „wesensverskil tussen lewende en lewlose dinge” alleen sin as dit gesien word as onderskeidende eienskappe van een ding t.o.v. 'n ander ding. Hierdie onderskeidende eienskappe kan dan verwag word om van tyd tot tyd te wissel of anders gesien te word na mate die wetenskap vorder. Neem as voorbeeld die tabakmosaïekvirus* wat geen asemhaling vertoon nie, chemies reageer, in suiwer kristallyne toestand verkry kan word en dus eienskappe het wat gewoonlik geassosieer word met lewlose chemiese stowwe, maar wat aan die ander kant homself voortplant, siektes veroorsaak en nog ander eienskappe het wat met lewende dinge geassosieer word. Wil ons hierdie virus inskakel by lewende dinge (met „lewe” soos hierbo gedefinieer), dan sal ons voortplanting bv. as die eintlike onderskeidende eienskap van lewende dinge moet beskou en sommige van die hierbo genoemde eienskappe as kenmerkend van lewende dinge moet laat verval. Wil ons hierdie virus inskakel by lewlose dinge, sal ons voortplanting (of ten minste bepaalde soorte van voortplanting) as een onderskeidende eienskap van lewende dinge moet verwerp. Dit is duidelik dat „wesensverskil tussen lewende en lewlose dinge” hier niks anders beteken nie as dat die een ding onderskeidende eienskappe t.o.v. 'n ander ding het.

Wil ons „lewe” self as wesensverskil tussen lewende en lewlose dinge sien, bly daar die weg oop om die abstraksie „lewe” 'n eie bestaan in die werklikheid toe te ken en dit dan te sien as „iets” wat verantwoordelik is vir die onderskeidende eienskappe. Dan bly die begrip „lewe” m.i. egter 'n abstraksie, wat by ontleding uiteindelik teruggevoer moet word tot ervaringsgegewens van voortplanting, metabolisme, chemiese

* P. J. Botha: Die oorsprong van die lewe as 'n biologiese probleem. **Koers**, Aug. 1955.

reaksies, ens. en uiteindelik maar weer sal blyk 'n totaliteit van eienskappe van materiële dinge te wees.

Die vraag na die wesensverskil tussen dinge skyn dus in elk geval 'n soeke na onderskeidende eienskappe te wees. Per slot van rekening bly ons gebonde aan ons ervarings, wat maak dat alle menslike kennis ten dele, onseker en onnoukeurig is.

H. J. SCHUTTE.
